# *Sommer net ...*



## *Terugblik*

Selde het ek so onbekwaam gevoel om ’n nuusbrief te skryf as hierdie een. Dis asof woorde my nog ontbreek om dit wat ek ervaar het, te beskryf.

Soos meeste van julle waarskynlik weet, was dit my gegun om op ’n uitreik na Libanon te gaan. Twee woorde beskryf moontlik iets van dit wat ek ervaar het: KONTRAS en VERVULLING. Enersyds die kontras van ’n vreugde in die Here wat niks te doen het met aardse omstandighede nie, en andersyds die aanskoue van soveel hartseer en trauma wat sny deur hart en siel.

Die vervulling, ’n belewing van klein verstaan van God se groot plan.

### *Kontras*

Van ons eerste indrukke van Beirut is ’n singende groep jongmense op die sypaadjie langs die see, nie ver van die hawe waar die ontploffing twee jaar gelede plaasgevind het nie. Die verwoesting van die ontploffing is nog duidelik sigbaar, nie net in die hawe nie, maar in ’n wye area om die gebied. Met ons nader stap word dit toenemend duidelik dat hierdie jongmense se vreugde ’n Bron het wat die wêreld nie ken nie. “Ken jy my Jesus?”, “My Jesus het vir jou ook gesterf!” is hul vrymoedige reaksie toe ons by hulle kom. Wat ’n Christus vreugde midde die voortgesette chaos en armoede wat in die land heers!

Hierdie selfde vreugde en vrymoedigheid om te getuig van “My Jesus” oorweldig ons by die erediens, die kerk se jeugkamp in die berge, die bestuurder van ons bussie en die personeel van die sentrums wat onder die Siriese vlugtelinge werk. In skrille kontras is die bodemlose put van wanhoop en géén hoop van vlugtelinge vir wie die lewe slegs een donker nag is, sonder hoop op terugkeer na hul tuiste, en ’n lewe sonder die Bron van hoop.

Vlugteling kindertjies met ogies wat blink van hoop en hulle wat emosieloos, met strak gesiggies voor hul uitstaar, die trauma van die oorlog en vlug uit Sirië ’n onverwerkte realiteit.

Met ons besoeke aan die vlugtelinge, in die kampe en ook by hulle wat ’n vertrek of twee erens kan huur, sien ons hulle. Die vroue wat in die agtergrond beweeg. Een trotse pa wys ons een van sy dogters wat binnekort met ’n neef trou. Die dogter is eintlik nog ’n kind, ons skat haar niks ouer as so 13 jaar nie. En die neef …? Haar oë blink van opgewonde hoop waar sy langs haar ma met die dooie oë, staan.

Die gesprek met ’n ander vrou in ’n ander kamp volg met baie woorde en nog meer gebare. Sy is angstig dat ek haar storie moet hoor, al verstaan ek nie ’n woord van die taal wat sy praat nie. En tog verstaan ek haar leed, haar trauma, haar ontredding met haar broer of man? wat voor haar oë onthoof is. Haar ylingse vlug met haar twee kindertjies na ’n onbekende tuiste. Dié tuiste ’n houtraamwerk met plastiek toegemaak, een van honderde in een van die vele kampe. Bly steek sy haar hande na my uit op my vraag of ek vir haar mag bid. Saam huil ons oor haar stukkende lewe en hooplose toestand. En tog is daar, na ons roepe na God, ’n blink in haar oë wat nie net van trane is nie.

En dan is daar ’n ander vrou wat strak na ons kyk na ons vir haar gebid het …

### *Vervulling*

Baie jare gelede, terwyl ons nog in Moskou werksaam was, het die Here duidelik in ’n visioen gewys dat Hy ons stuur na ’n ander land en ander mense. Na baie gebed eindig ons soektog na hierdie “ander mense” in Kocani, Noord Masedonië. Tydens ons tyd daar bevestig die Here op verskeie maniere dat ons presies is waarheen Hy ons geroep het.

Weens omstandighede buite ons beheer was ons genoodsaak om permanent na SA terug te keer. ’n Nuwe fase van betrokkenheid by SAT-7 en die Midde-Ooste het aangebreek.

’n Tyd later herken ons haar, die dogtertjie van die visioen. Een van Geopende Deure se kinders van die Vervolgde Kerk. ’n Dogtertjie van Sirië.

En nou, na ’n eindelose tyd, staan die Siriese Vlugtelingkind voor my, die dogtertjie van ons visioen … Eers sien ek haar by die sentrum vir vlugtelingkinders. Ietwat verwese staan sy daar, ogies vraend, soekend. ’n Paar dae later, in een van die vlugtelingskampe, kom nestel ’n ander kleiner dogtertjie, baie tuis, haar styf teen my waar ons in ’n tent sit …

En die vervulling van die visioen spiraal voort in God se groot Ewigheidsplan.

***

*(Aretha, Klipkerk)*